# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 21 MEI 2023

Oggenddiens om 09:00 in die kerk en aanlyn | Dr. Hanekom (1)

Familiediens om 09:00 in die kleinsaal en aanlyn | Ds. Visser (8)

Meditatiewe diens om 09:00 in die kapel en aanlyn | Ds. Dietmann

Pinksterdiens om 19:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Breytenbach (9)

## PINKSTER 2023

- **Pinkster | 21 tot 28 Mei**

21 tot 25 Mei | Aandpinkster om 19:00 in die kerk | Ds. Breytenbach

28 Mei | Pinksterfees en nagmaal om 09:00 in die kerk | Ds. Breytenbach Die Pinksterfees is 'n gesamentlike diens en die familie- en meditatiewe dienste skakel ook by die diens in die kerk in.

- **Oggendpinkster | 22 tot 26 Mei**

Oggendpinkster om 10:00 in die kerk | Mike van Deventer

- **Kinderpinkster**

21 tot 25 Mei om 19:00 in die grootsaal | Talente en geestelike geskenke.

- **Sop na die Aandpinksterdienste**

Sop word na die Aandpinkster in die saalgedeelte van die kerk bedien.

## ANNIBRAND SENIOR | 21 MEI

Senior kategese vind vanaand voor die Pinksterdiens om 18:00 plaas. Kleingroepe ontmoet in die kafeteria en woon die Pinksterdiens daarna by. Kom geniet vooraf warm sjokolade en *marshmallows* oor die kole.

## KOSMANDJIEPROJEK TYDENS PINKSTER

Voedselnood word al groter en ons wil graag tydens die Pinksterweek die kosprojek 'n hupstoot gee. Plaas asseblief tydens Pinkster nie-bederfbare kosprodukte in die kosmandjies in die voorportaal van die kerk. Finansiële bydraes kan gemaak word aan: ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik KOSPROJEK as verwysing.

### KONTAK ONS


021 976 4519

WhatsApp 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za


### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### EDELWEISS BAK PANNEKOEK

Plaas bestellings teen R8 per pannekoek voor 23 Mei by 021 976 1150. Haal op Vrydag 26 Mei.

### DEUROFFER

Gemeenteondersteunings-fonds (Sinodaal)

## SOPKOKERS DRINGEND BENODIG

Ons het dringend sopkokers nodig wat weekliks of tweeweekliks sop tuis kook en dit dan in bevrore formaat by die markplein afgee. Ons voorraadvlakke by al die sopkombuise is kommerwekkend laag. Kontak asseblief vir Anene Nortier by 083 581 6930 indien jy kan help.

## SKATTEMARK | 3 JUNIE 10:00 TOT 14:00

Saterdag 3 Junie 10:00 tot 14:00 in die saalkompleks. Kom snuffel gerus tussen die groot verskeidenheid skatte wat te koop aangebied gaan word. Daar is ook lekker koffie, cappuccino's en wegneemetes beskikbaar.

## FEESMARK: VAKATURE

Die feesmark het 'n vakature vir 'n administratiewe beampte met 'n baie sterk finansiële agtergrond. Sterk rekenaarvaardighede asook die vermoë om met kliënte te werk, is noodsaaklik. Werksure is vanaf 09:00 tot 21:00 vir die duur van die mark. Stuur 'n kort CV na feesmark@stellenberg.co.za. Navrae: Karen Visagie 082 827 9389.

## MANNEKAMP

Jy word hartlik uitgenooi na ons mannekamp, aangebied vanaf 21 tot 23 Julie by die Andrew Murray Spiritualiteitsentrum in Wellington. Kontak asseblief vir ds. Johan Visser by johan@stellenberg.co.za of 072 603 3205 indien jy wil saamgaan.

## HELPERS VIR DIE VAKANSIEPROGRAM

Ons het leiers en helpers nodig wat behulpsaam kan wees by die vakansieprogram wat vanaf 3 tot 6 Julie vir laerskoolkinders aangebied word. Kontak asb. vir Brenda by brenda@stellenberg.co.za of 021 976 4519 indien jy hulp kan aanbied.

## VATVYF

Op Woensdag 14 Junie besoek ons die Spice Route-wynplaas vir 'n sjokolade-proesessie. Die proesessie kos R30 per persoon. Bespreek jou plek by Charlotte (021 976 4519) voor Vrydag 9 Junie.

19 Julie - Besoek die argief van die Teologiese Fakulteit, Stellenbosch.

16 Augustus - Besoek Postberg Weskus Nasionale Park.

### KATEGESE

**ANNIBRAND JUNIOR**

Graad 1-3: Grootsaal

Graad 4-6: Kleinsaal

Graad 7: Jeuglokaal

**ANNIBRAND SENIOR**

Kleingroepe na afloop van die aanddiens om 18:00.

### BREIGROEP

Die groep ontmoet op 5 Junie om 09:30 in die markplein. Bring al jou voltooide breiwerk saam. Ons gaan alles aan die uitreikspanne oorhandig.

### KERKKANTOOR SKAKELBORD

Neem asb. kennis dat die kantoor se skakelbord nie tydens beurtkrag werk nie. Stuur gerus 'n e-pos navrae@stellenberg.co.za of 'n WhatsApp na 081 045 2428.

## UITREIKE 2023

**Skryf nou in:** Ons nooi almal wat graag aan vanjaar se uitreike tydens die Junie-Julie-skoolvakansie na Leeu-Gamka, Beaufort-Wes en Calitzdorp wil deelneem, om die aanlyn inskrywingsvorm via www.stellenberg.co.za te voltooi. Die sperdatum vir inskrywings is Sondag 4 Junie.

### Ondersteuning aan uitreike:

- **Borg 'n uitreiker:** Indien jy bereid is om 'n spanlid se onkoste van R1 200 vir vervoer en verblyf te borg, kontak asb. vir ds. Schoombie by schoombie@stellenberg.co.za, of EFT die bedrag na ABSA-tjekrekening 1455 058 0011, takkode 632005. Gebruik "Uitreikborg" as verwysing. Heelwat kinders uit minderbevoorregte gemeenskappe wil graag aan die uitreike deelneem, maar kan nie die inskrywingsgeld bekostig nie.

- **Bybels en bordspeletjies vir Beaufort-Wes:** Die uitreikspan wat Beaufort-Wes besoek benodig bruikbare Bybels wat aan mense in die gemeenskap uitgedeel sal word. Bordspeletjies en legkaarte word vir die inwoners in die Beaufort-Wes-ouetehuis ingesamel. Gee bydraes asb. by die kerkkantoor af.

- **Pajamas vir Karoopikkies:** Haal een van ons Pikkie-etikette van die takke in die voorportale van die kerk en kleinsaal af en volg die instruksies daarop, of koop 'n pakkie pajamas (of selfs 'n sweetpakkie) by enige Pep Stores-klerewinkel vir ouderdom twee tot ses jaar en gee asb. by die kerkkantoor af. Kontantbydraes kan per EFT oorbetaal word, gebruik PIKKIES as verwysing. Navrae: Brenda by brenda@stellenberg.co.za.

- **Droësopmengsel:** Bydraes van enige gedroogde sopmengsel kan asseblief by die kerkkantoor afgegee word.

- **Ondersteun die Annibrand-klerereeks:** 'n Opwindende Annibrand-klerereeks word ten bate van uitreike verkoop. Gaan kyk gerus op www.stellenberg.co.za na die opsies en plaas jou bestelling aanlyn voor 28 Mei. Aflewering voor die eerste uitreik.

**ASEMSKEP-GEBEDSGROEP**

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel, tydens die skoolkwartaal. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.

**STELLENBERG TERAPIESENTRUM**

Die sentrum bied terapie, berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n besigheids- en lewensafrigter se dienste is beskikbaar. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00), of stuur 'n e-pos na therapy@ stellenberg.co.za.

Na-ure skakel 083 519 0602.

## ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

### Op jou rekenaar:

Jy kan die bulletin en *Stellenberger* per e-pos ontvang. Stuur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za.

### Op jou selfoon:

Skandeer enige van die QR-kodes om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit en toegang tot gerieflike elektroniese kommunikasie te ontvang. Jy kan die bulletin, geestelike dagstukke en algemene nuus op jou selfoon ontvang.

**Gemeente se WhatsApp-groepe**

**Jong volwassenes en studente**

**Annibrand Junior**

**Annibrand Senior**

## FINANSIËLE BYDRAES

**EFT-betaling**

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

**Kontantbydraes**

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

**SnapScan**

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

25 Mei
Geen Bybelstudie.

### NAGMAAL

Sondag 28 Mei 17:00 in versorgingseenheid en 17:30 in sitkamer.

Handelinge 18:1-3, 24-28; 1 Kor. 16:19
Ons gee hoop omdat God ons op enige plek kan gebruik.

### WOL VIR DIE BREIGROEP

Die breigroep benodig kontantbydraes vir die aankoop van wol of bruikbare afvalwol. Bydraes kan by die kerk-kantoor afgegee word.

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 (slegs tydens skool-kwartale) in die ou kafe-teria-area byeen. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.